# Graan SA Oggend Markkommentaar

| | DATUM 2016/08/26 | DATUM 2016/08/25 | | | + - WEEK GELEDE 2016/08/15 | | + - MAAND GELEDE 2016/07/25 | | + - JAAR GELEDE 2015/08/24 | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| GRAIN SA GRAAN SA | Data | Δ | Δ% | Data | Δ% | Data | Δ% | Data | Δ% | Data |
| DJIA-index | 18448 | -36.48 | -0.2% | 18484 | -1.0% | 18636 | -0.2% | 18493 | 16.2% | 15871 |
| Goud (Spot) | 1324.58 | -1.40 | -0.1% | 1325.98 | -1.6% | 1345.79 | 0.4% | 1319.32 | 14.7% | 1155.17 |
| Brent $/vat | 49.52 | 0.48 | 1.0% | 49.04 | 3.0% | 48.06 | 10.3% | 44.91 | 14.7% | 43.18 |
| 1 € / US$ | 1.1267 | -0.002 | -0.2% | 1.1291 | 0.5% | 1.1213 | 2.3% | 1.1012 | -0.9% | 1.1374 |
| 1 US$ / ZAR | 14.14 | 0.050 | 0.4% | 14.09 | 6.5% | 13.28 | -1.2% | 14.31 | 7.4% | 13.17 |
| Corn | R 1,798.02 | -16 | -0.9% | R 1,813.85 | *CBOT Corn Sept cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Corn Sept 12:00 the previous day | | | | | |
| Wheat | R 2,083.42 | -8 | -0.4% | R 2,091.58 | * CBOT Wheat Sept cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Wheat Sept 12:00 the previous day | | | | | |
| Soybeans | R 5,185.17 | -147 | -2.8% | R 5,332.50 | * CBOT Soy Sept cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Soy Sept 12:00 the previous day | | | | | |
| Latest CBOT prices during overnight trading (Recorded between 6 a.m. to 07:00 am vs 12:00 pm the previous trading day) | | | | | | | | | | |
| Corn Sept 16 | 323.00 | -4.00 | -1.2% | 327.00 | -1% | 326.50 | -4% | 334.75 | -18% | 395.50 |
| Wheat Sept 16 | 401.00 | -3.00 | -0.7% | 404.00 | -5% | 422.00 | -7% | 429.00 | -24% | 526.75 |
| Soybeans Sept 16 | 998.00 | -32.00 | -3.1% | 1030.00 | -3% | 1023.75 | 1% | 983.75 | 15% | 870.75 |
| Latest MTM prices (Recorded between 07:00 am - 08:00 am on the last two dates) SPOT = nearest contract month (Rands / tonne) | | | | | | | | | | |
| SORGHUM Jul 16 | 3435.00 | 0.00 | 0.0% | 3435.00 | 0.0% | 3435 | -3.2% | 3550 | | NA |
| WMAZ Spot | 4231.00 | -64.00 | -1.5% | 4295.00 | 3.2% | 4101 | -1.1% | 4280 | 39.3% | 3038 |
| WMAZ Sep 16 | 4265.00 | -39.00 | -0.9% | 4304.00 | 3.7% | 4114 | -1.2% | 4317 | 41.0% | 3024 |
| YMAZ Spot | 3163.00 | -37.00 | -1.2% | 3200.00 | 2.3% | 3093 | -3.3% | 3271 | 16.6% | 2712 |
| YMAZ Sep 16 | 3201.00 | -11.00 | -0.3% | 3212.00 | 2.5% | 3123 | -3.3% | 3311 | 18.5% | 2702 |
| SOY Spot | 6550.00 | 37.00 | 0.6% | 6513.00 | 2.5% | 6391 | -3.8% | 6811 | 30.3% | 5025 |
| SOY Sep 16 | 6585.00 | 37.00 | 0.6% | 6548.00 | 2.5% | 6425 | -4.1% | 6870 | 31.7% | 5000 |
| SUN Spot | 6080.00 | 77.00 | 1.3% | 6003.00 | 4.8% | 5799 | 5.4% | 5769 | 12.7% | 5393 |
| SUN Sep 16 | 6219.00 | 171.00 | 2.8% | 6048.00 | 6.5% | 5841 | 6.7% | 5831 | 9.8% | 5666 |
| WHEAT Spot | 4315.00 | 21.00 | 0.5% | 4294.00 | 6.1% | 4068 | -2.4% | 4420 | 2.0% | 4232 |
| WHEAT Dec 16 | 4215.00 | -41.00 | -1.0% | 4256.00 | 2.9% | 4098 | -4.3% | 4403 | 1.3% | 4159 |

**NUUTSTE MARKINLIGTING TOT 23:00 (RSA TYD) SOOS VERKRY UIT VERSKEIE MARKVERSLAE**

**Mark:** Die rand verhandel rondom R14.14 teenoor die doller vanoggend. Die rand het die verswakking tendens voortgesit met die onsekerhede in plaaslike sowel as internasionale markte. Die toekoms van die minister van finansies is steeds in die weegskaal selfs nadat President Jacob Zuma in 'n verklaring gesê het dat hy vir mnr Gordhon ondersteun. Internasionaal is die groot vraagstuk steeds wat die VSA se Federale bank gaan besluit oor hulle rentoekoerse.

**Mielies internasionaal:** Die CBOT mielieprye het amper 4 sent laer gesluit en het die laagste vlak in 2 weke bereik. Met die oestoer het daar bekommernisse ontstaan oor die produksies in Indiana en Ohio as gevolg van droë toestande. Die weeklikse uitvoerverkopesyfers wat gister bekend gestel is het hoër nuwe seisoenverkope aangedui en minder ouseisoenverkope. Die ouseisoen sluit einde volgende week. Die nuwe seisoen verkope was hoër as verwagtinge. Die Desember kontrakpryse het vir die eerste keer in 2 weke laer as die 20 dag bewegende gemiddeld gesluit. Tot dusver het daar geen orkane voorgekom nie, maar voorspellers hou steeds die weer dop vir moontlike onstaan van orkane. **Plaaslik:** Die nuutste oesskattingsverslag wat gister bekend gemaak is, het 'n effe toename in geelmielie produksie aangetoon vanaf die vorige skatting terwyl die witmielie skatting onveranderd gelaat is. Die geelmielie skatting is 0.84% hoër aangepas en staan nou op 4.1998 miljoen ton. Die witmielie skatting is steeds op 3.097 miljoen ton.

**Sojabone internasionaal:** Die November sojaboon kontrak prys het ongeveer 3% laer gesluit nadat goeie opbrengste steeds verwag word na die oestoer in die VSA. Kort voor mark sluiting het 'n Reuters verslag getoon dat die VSA opbrengste in lyn is vir die seisoen. Die verwagtinge is steeds dat Argentinië en Brazilië minder sojabone behoort aan te plant hierdie seisoen . Hierdie 2 lande is die grootste sojaboon uitvoerders in Suid Amerika. Die verwagting is ook steeds dat die wêreldvraag na sojabone hoog behoort te wees die komende seisoen. **Plaalik:** In die nuutste oeskattingsverslag wat gister bekend gestel is, is die sojaboonproduksies onveranderd gelaat vanaf die vorige skatting op 750 250 ton. Die plaaslike mark behoort dus steeds sensitief te wees vir internasionale gebeure sowel as die wisselkoers.

**Koring internasionaal:** Die internasinale koringmark het laer gesluit gister tesame met laer mielie en sojaboon markte. Groot wêreld produksies plaas steeds druk op die internasionale pryse. Lande soos Kanada, Rusland, die Okraïene en Australia het almal verwagtinge van groot oeste. Rusland se vooruitsigte is dat die produksies 73 miljoen ton behoort te wees hierdie seisoen. Dit is aansienlik hoër as die 61.8 miljoen ton van verlede seisoen. Moontlike reën in die sentrale pleine sal voordelig wees vir die plant van winterkoring gedurende herfs. Met die lentekoring stroopproses wat einde toe staan is die fokus op die groter internasionale produksie. **Plaaslik:** In die nuutste oesskattingsverslag is die koring hektare aangeplant vir die seisoen op 498 150 hektaar gekat. Die 1ste produksie skatting toon die koringproduksie vir 2016 op 1.683 miljoen ton. Dit is hoër as die 1.44 miljoen ton in 2015.

**Plaaslike Markinsigte & Data:** _www.grainsa.co.za /www.sagis.co.za_
**Internasionale Markinsigte & Data:** _www.usda.co.za_

***Opgestel deur**: Luan van der Walt / **Vir navrae, kontak**: luan@grainsa.co.za*

*Everything has been done to ensure the accuracy of this information, however Grain SA takes no responsibility for any losses or damage incurred due to the usage of this information.*